



SUBJECT:	<b>AFRIKAANS HUISTAAL</b>		
----------	---------------------------	--	--

GRADE:	12	PAPER:	1
--------	----	--------	---

DATE OF EXAMINATION:	NOVEMBER 2008	DURATION:	2 UUR
----------------------	---------------	-----------	-------

## 1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE OF THE CANDIDATES

Give a detailed account of how the candidates performed in each question. In doing this, the following steps should be followed:

- 1.1 The aim/objective for setting the question (what skills, knowledge, values and attitudes were being tested by asking the question)
- 1.2 Relevance or relation of the question to the LOs and ASs.
- 7.3.1 How did the candidates perform in the question?
- 1.4 Where and how did candidates lack or fail in giving an appropriate answer to score high marks in the question?

### QUESTION 1

- 1.1, 1.7 en 1.9 – **EEN woord** is EEN woord!  
 1.2.2 – kandidate het die een punt verbeur omdat die “ “ ontbreek het.  
 1.4 – baie leerders het nie na die “ou” EN “nuwe” verwys nie.  
 1.10.1 – WAT het verander; 1.10.2 – HOE het dit verander (nie hoekom nie!)

### QUESTION 2

- 2.4.1 – baie het waarskynlik geraai, want uit hulle antwoorde by 2.4.2 was dit baie duidelik dat hulle nie werklik weet wat “getorring” beteken nie.  
 2.5 Baie kandidate weet nie wat die uitdrukking beteken nie, en ander kon dit wel in hul eie woorde verduidelik, al was die taal maar skeef en krom! Die begrip was daar.

### QUESTION 3

- Dit wou voorkom asof die meeste kandidate hierdie vraag geniet het. Dis oor die algemeen goed beantwoord.  
 3.4 – leerders wat verkeerdelik AKTV geskryf het, het waarskynlik net ‘n natalige fout begaan (wat hulle ‘n punt gekos het!)  
 3.7 – soos met 2.5 kon party leerders hier ‘n heel sinvolle antwoord skryf, al het die taal hulle in die steek gelaat. Die meeste het egter gesukkel om te motiveer of te kritiseer.

## QUESTION 4

Hierdie vraag is redelik goed beantwoord. Kandidate kon by die gedagte kom van die hart wat sterk en gesond gemaak word.

## QUESTION 5

**Die opsomming.** Heelwat kandidate het hier volpunte behaal. Aangesien hulle nie meer hul eie sinne hoef te gebruik nie, en uit die teks mag aanhaal, kon hulle byna foutlose sinne skryf. Die teks self was ook nie te moeilik nie en daar was eintlik 'n hele klomp feite.

Leerders moet hul feite in **betekenisdraende volsinne** skryf. Onvoltooide sinne beteken onvoltooide feite.

Party kandidate het hulself gepenaliseer deur **meer as 70 woorde** te gebruik.

**LET OP:** Aangesien leerders net kan aanhaal, gaan daar in die toekoms ook vir spelling en leestekens gepenaliseer word.

Sommige kandidate het twee opsommings gemaak; die een puntsgewys en die ander een in paragraafvorm. (*Dis blykbaar iets wat hulle in die Engelse klas geleer word!*) Leer hulle om net EEN opsomming te maak. En as die **instruksie lui dat dit puntsgewys moet wees, moet dit puntsgewys wees!**

In die MEMO was daar verskeie moontlikhede vir die verskillende feite en dit het nasieners soms verwarr. Hulle het partykeer 2 punte vir 2 moontlikhede van dieselfde feit gegee.

## QUESTION 6

**Vraag 6.1 tot 6.20:** redelik goed beantwoord. Omdat leerders net woorde neerskryf, skryf hulle dit soms met hoofletters, wat dan eintlik 'n "fout" is as die woord in die sin moet inpas. Leer hulle maar om dit nie met hoofletters te skryf nie.

Probleemareas: voorsetsels, sinonieme, trappe van vergelyking, getal in woorde, afkorting. Onthou: spelling moet korrek wees.

**Vraag 6.21 tot 6.32:** baie probleme – veral met voegwoorde ("indien"), infinitief, direkte/indirekte rede. Die meeste kandidate het 6.25 en 6.28 verkeerd beantwoord. Hier is dus baie **remediëring** om te doen!

## QUESTION 7

Net soos opsommings maak, is **kritiese taalbewustheid** ook 'n lewensvaardigheid en een van die aspekte wat nie oral genoegsame aandag kry nie! Dis 'n spesifieke **taalvaardigheid** en moet ingeoefen word. Kyk na wat die NKV vereis en onderrig dit aan die hand van **vele voorbeelde**. Leerders moet die terminologie ken.

In die meeste gevalle is 7.1 net gedeeltelik beantwoord.

7.2 is baie swak beantwoord. Leerders weet nie wat stereotipering beteken nie.

## 7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS IN HELPING THE LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVEL.

1. 'n Daadwerklike en gesamentlike poging deur alle betrokke partye om leerders aan te moedig om te **LEES!** (*Hoe het Madiba nou weer gesê? 'n Nasie wat lees, is 'n WEN-nasie!*)
2. Gebruik 'n **verskeidenheid tekste** in jou onderrig. Baie onderwysers steek steeds vas by lang, geskrewe tekste. Jy MOET visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid onderrig en dit MOET gereeld geassesseer word.
3. Die maak van **opsommings** is 'n lewensvaardigheid. Onderrig eers die stappe en gee dan soveel as moontlik oefening daarin. Aangesien leerders nie meer hul eie woorde/sinne hoef te gebruik nie, kan hulle goeie punte hier behaal. Dit gaan egter oor veel meer as net die punte. Dis 'n vaardigheid wat tot buite die grense van die taalklaskamer strek. Leer hulle om volsinne te skryf en by die vereiste aantal woorde te hou.
4. **Onderrig eers die verskillende taalaspekte** en laat leerders dit dan op 'n gereelde basis **inoefen**. Die NKV gee lang "lyste" van al die taalaspekte wat onderrig behoort te word. (*Niks het regtig hier verander nie!*)
5. Leerders MOET die nodige **terminologie** ken; alles wat in die NKV is. Dis miskien waarom baie van hulle met Vraag 7.2 gesukkel het.
6. Leer jou leerders om **instruksies** te volg. As die vraag lui dat hulle EEN woord moet skryf/aanhaal, moet hulle EEN woord skryf/aanhaal! Hulle gaan nie punte kry vir meer as dit nie. As hulle moet aanhaal, móét die aanhalingstekens daar wees. (*Tydens die onlangse MEMO-besprekings in Pretoria is dit baie duidelik gemaak dat ons voortaan strenger hiermee gaan wees, want dis eintlik deel van die hele opvoedingsproseses dat leerders moet leer om instruksies te volg*).
7. Lei leerders om seker te maak hulle **verstaan WAT die vraag vra**. Hulle moet die kern van die vraag uithaal, en dan seker maak daardie **kern word in hulle antwoord vasgevang**! 'n Goeie voorbeeld hiervan uit die vraestel was Vraag 1.4. "Verskil" impliseer al klaar 2 sake. Dan verwys die vraag boonop verder na "ou" en "nuwe". Die antwoord móét dan na die "ou" en "nuwe" verwys om 2 punte te verdien. Dieselfde geld vir Vraag 7.1.

SIGNATURE OF EXAMINER/MODERATOR: \_\_\_\_\_



**SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING**  
*Quest for Excellence through high powered performance*